

Donderdag 26 Junie

Skrifgedeelte: Daniël 1:1-21; Spreuke 16:7; Filippense 4:13

Fokusgedeelte: Daniël 1:9

Die Here maak selfs van ons vyande vriende!

Ons moet nie in hierdie wêreld verwag dat almal ons geloof en godsdienstige praktyke sal respekteer nie. Inteendeel. Jesus sê 'n realistiese verwagting is dat hierdie wêreld ons sal haat (Joh. 15). Dit beteken dat ons as Christen dikwels heldhaftig en wys moet optree wanneer ons geloof en ons waardes bots met dié van die wêreld. Kyk maar na Daniël.

Daniël word weggevoer en bevind homself in 'n land en tussen mense wat nie begrip het of verdraagsaam is teenoor sy geloof en godsdiens nie. Hulle is bereid om nuwe name te ontvang, nuwe klere te dra, aan 'n nuwe koning te antwoord. Tog kan hulle nie die koning se dieet volg en sy kos eet nie (Dan. 1:8).

Ten diepste is die tafel en die kos van die koning 'n simbool van afhanklikheid. Om "uit die hand van die koning" te eet, is eintlik 'n simboliese getuigenis dat die koning vir jou die Groot Versorger is en dat jou lewe aan hom te danke is. So ver kan Daniël nie gaan nie. Daniël aanvaar dat hulle nou gehoorsaam die nuwe koning moet eerbiedig, maar God is nog steeds die hoogste Koning, die Groot Versorger, die Rede vir hulle lewe en behoud! Daniël moet sy vryheid behou om in getroue aanbidding sy hoogste diens en plig aan die Here uit te voer!

Dit was sekerlik nie maklik vir Daniël om hierdie besluit te maak nie. Hy het sekerlik gewonder hoe die toesighouer en die koning sou optree as hulle van sy versoek hoor! Tog gee die Here die krag sodat Daniël hulle voorneme bekend kon maak. Wonder bo wonder sorg die Here dat die toesighouer goedgesind en ontfermend teenoor hulle was!

Ons moet maar net gehoorsaam wees aan die Here en Hy sal handel met ons vyande. As ons in Godvresende gehoorsaamheid optree, mag ons verwag dat die Here wonder bo wonder die pad sal oopmaak en selfs van ons vyande vriende maak!

Mag die Here jou vandag die krag gee (Fil. 4:13) om in getroue aanbidding jou hoogste roeping teenoor die Here na te kom. Moenie mense vrees nie, vrees die Here.

Sing: Psalm 25-1:3

Ds. GM (Marnix) Boersema (Pretoria-Meintjeskop)